

27 Julie

Matteus 7:13 en 14, Psalm 1

(Teks: Psalm 1)

Op watter pad loop jy?

Die Here Jesus het voortdurend in kontraste gepreek: lig en donker, skatte in die hemel of skatte op die aarde, God of Mammon, 'n huis op rots of 'n huis op sand. In Matteus 7:13 en 14 kry ons die bekende kontras tussen die nou en die breë pad. Hierdie manier van in kontraste preek is nie iets nuuts wat Jesus gedoen het nie. Jesus het sy preektekste vanuit die Ou Testament gehaal. So sien ons dat Psalm 1 ook vir ons twee paaie teken:

- Die pad van die regverdige.
- Die pad van die goddelose.

Kyk na die pad van die regverdige in Psalm 1:

- Die regverdige vind vreugde in die Woord van die Here.
- Die regverdige oordink gedurig die Woord.
- Die regverdige dra vrugte.

Daarteenoor lyk die pad van die goddelose so:

- Die goddelose is iemand wat ligsinnig is. Ligsinnig wees beteken om met alles wat vir God heilig is, soos die huwelik, te spot.
- Die goddelose is soos kaf. Die kaf staan teenoor die vrugte van die regverdige.

Die kontras tussen die goddelose en die regverdige is nie altyd 'n vergelyking tussen die kerk en die wêreld nie maar is meesal 'n vergelyking tussen verbondskinders. Ons kan sê dit is 'n vergelyking tussen verbondsverlaters en verbondsgehoorsames. Almal wat deur die doop in 'n verbondsverhouding met God staan is onder die verpligting om seker te maak of hulle deur Jesus Christus in 'n verbond met God leef. Die lewe in 'n verbond met God is die lewe op die nou pad.

Sing Psalm 31:14 en 15

Ds. J.L. Aucamp (Worcester)